

Dinsdag 17 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-31

Fokusgedeelte: Johannes 14:16, 17

God die Heilige Gees is ons unieke Trooster, Leraar, Gids en Helper

Jesus is in Johannes 14 – 16 besig om sy volgelinge voor te berei vir sy afskeid. Hy gaan deur lyding, sterwe, opstanding en hemelvaart om vir ons plek in die Vaderhuis te berei. Afskeid is pynlik en daarom is troos nodig. Jesus troos nie net Self nie, maar bid hier voor sy lydensweg dat die Vader 'n ander magtige Trooster sal stuur.

Om Hom net “Trooster” te noem, is nie genoeg nie. Die woord vir Trooster is Parakletos wat meer as Trooster beteken: Leraar, Helper, Gids, Begeleier, Instrukteur.

Al is die Heilige Gees meer as Trooster, bied Hy die beste troos in die hartseer en pyn van gelowiges. Hy versterk ons met sy teenwoordigheid deur ewig by ons te wees. Hy is gegee om ons in alle omstandighede te help, veral in ons donkerste oomblikke. Hy is die Advokaat wat ons oortuig van ons sonde, ons begelei om dit voor God te bely, en ons die sekerheid te gee dat dit vergewe is.

Hy stort liefde in ons wanneer ons koud en gevoelloos raak. Hy gee vrede wanneer ang en onrus ons wil oorweldig. Hy, as Gids, gee wysheid om regte besluite te kan neem. Hy, die Vrug van Christus se oorwinning, laat ons versoekings weerstaan. Hy is ons Metgesel in ons eensame oomblikke.

Hy is die Gees van Waarheid wat ons lei na die Woord van waarheid sodat ons die waarheid in alles kan nastreef. Hy is die Gees van Wysheid wat ons onderskeidingsvermoë gee. Hy is die Gees van krag wat ons versterk om weerstand teen ons doodsvyande te kan bied.

Die Gees gee ons geloof, liefde en gehoorsaamheid en vra van ons dat ons onwrikbaar in ons geloof, vrygewig in ons liefde en toegewyd in ons gehoorsaamheid sal wees. Loof God vir sy Gees!

Sing: Psalm 18-1:1

Prof. BJ de Klerk (Ben) (emeritus)